




INLICHTINGSTECHNOLOGIE INLICHTINGSTUK 2025



```
...window)  
...y=20, padx=60, fill="both", expand=True)  
("String Output")  
  
...ite = 'Welkom in Sol-Tech plaas se SITKamer'  
...bel widget to display the string  
... = tk.CTkLabel(master=frame, text=string_to_write, f  
...place(relx=0.5, rely=0.5, anchor=tk.CENTER)
```



WIE IS SOL-TECH

Sol-Tech is 'n geakkrediteerde, privaat beroepsopleidingkollege wat op Christelike waardes gefundeer is en Afrikaans as onderrigmedium gebruik.

Sol-Tech fokus tans op twee opleidingsrigtings, naamlik ambag- en inligtingstegnologie (IT)-sertifiserings . Die sertifiserings wat studente by Sol-Tech verwerf, dien as fondasie om verder in ambag- of IT-beroepsrigtings te kan studeer. Sol-Tech het dus ten doel om jongmense se toekomsdrome met betrekking tot loopbaanontwikkeling deur doel-spesifieke opleiding te verwesenlik.

Sol-Tech wil vandag, m^ôre en oorm^ôre steeds daar wees om 'n diens aan jongmense te lewer.

SOL-TECH SORG VIR 'N VOORSPRONG!

Sol-Tech se studente is outomaties meer indiensneembaar aangesien hulle deeglik in nuwe kennis en vaardighede opgelei is. Sol-Tech se goed opgeleide studente dra verder by om die tekort aan goed gekwalifiseerde IT-praktisyns aan te vul.



WAARDES



INNOVASIE RESPEK DISSIPLINE UITNEMENDHEID PASSIE



VISIE

Om die **voorkeurkollege** vir **beroepsopleiding** in Suid-Afrika te wees.


MISSIE

- Ons verwesenlik drome deur opleiding.
- Sol-Tech is 'n **Afrikaanse** kollege vir beroepsopleiding wat deur die Solidariteit Beweging tot stand gebring is.
- Sol-Tech huldig **Christelike** waardes en word volgens gesonde sakebeginsels en beginsels van korporatiewe regering bestuur.
- Sol-Tech maak jongmense indiensneembaar deur hulle in kritieke en skaars vaardighede op te lei.
- Sol-Tech streef na **uitnemendheid**.
- Sol-Tech is 'n inklusiewe, eg Suid-Afrikaanse opleidingsinstelling met Afrikaans as voertaal.
- Sol-Tech help mense vanuit alle sfere en ouderdomsgroepe en gee voorkeur aan Solidariteit-lede en hul gesinne.
- Ons lei op in jou belang.

OPLEIDINGSMODEL

Opleiding is selfgerigte aanlyn leer. Die drie programme wat Sol-Tech tans aanbied word aangevul deur 'n eenmalige verpligte praktiese blokweek wat by die Sol-Tech-kampus aangebied word.


Die probleemgebaseerde en omgekeerde klaskameropleidingsmetode vorm deel van die opleiding tydens die eenmalige praktiese blokweek. Die blokweek kan geskeduleer word sodra die student A+ Core 1 en A+ Core 2 se CompTIA eksamens geslaag het, en N+ se leermateriaal en virtuele laboratoriums voltooi het.





WAT IS DIE TOELATINGSVEREISTES?

Inligtingstechnologie: Programme



Inligtingstechnologie: Individuele sertifiserings en Eksamenkoeponne

Studente moet 'n geldige ID hê om die CompTIA eksamen by PearsonVUE te kan aflê.

AKKREDITASIE

Sol-Tech is 'n geakkrediteerde CompTIA vennoot. CompTIA-kursusse word internasionaal deur ANSI (American National Standards Institute) onderskryf en voldoen aan ISO17024 Standaarde.



DATA- EN WOLKPRAKTISYN

Doel van Data- en wolkpraktisyn:

Die doel van die leerprogram is om studente indiensneembaar te maak as 'n data- en wolkpraktisyn. So 'n persoon help met die ontwerp van nuwe databasisse, monitor databasis optrede, interpreteer rou data en omskep dit in bruikbare inligting om data gedrewe besluite te vergemaklik. Groot data (big data) is deesdae 'n tendens waar tegnologie gebruik word om patrone in data te identifiseer. Wolktegnologie is waar die meeste hedendaagse data gestoor word, daarom integreer ons die twee velde. Wolk sluit die uitrol en outomatisering van sekure wolkomgewings in.

Wat sal die studente leer?

'n Data- en wolkpraktisyn moet oor 'n wye reeks relevante vaardighede in die IT-omgewing en -bedryf beskik. Die leerprogram kombineer bewese CompTIA-leereenhede wat versterk word deur spesifieke addisionele sagtevaardighede, asook ondersteunende praktiese opleiding ten einde te verseker dat suksesvolle studente goed opgelei, afgerond en indiensneembaar is.

DIE LEERPROGRAM BESTAAN UIT:

- CompTIA A+ (Core 1)
- CompTIA A+ (Core 2)
- CompTIA N+
- Eenmalige praktiese blokweek (by Sol-Tech-kampus in Pretoria)
- CompTIA Cloud+
- CompTIA Data+
- CompTIA DataSys+
- Sagte vaardighede (Basiese besigheidspraktyk)
- Ontluikende tegnologie
- Python basiese beginsels
- SQL basiese beginsels

HOE VIND ASSESSERINGS PLAAS?

Sagte vaardighede	E-leer assessering
CompTIA leereenhede	Assessering vind deur middel van PearsonVUE plaas, met 'n koeponkode wat aan die student verskaf word. Die koeponkode kan gebruik word om die assessering aanlyn of by 'n assesseringslokaal te skryf. 'n Geldige identiteitsdokument is nodig om die eksamen af te lê.
Python Basiese beginsels	E-leer assessering en Github
SQL Basiese beginsels	E-leer assessering
Praktiese opleiding / werksinkels	Interne assessering vind deur middel van observasie plaas en word teen leeruitkomst en kriteria gemeet. Die blokweek kan geskeduleer word sodra die student A+ Core 1 en 2 se CompTIA eksamens geslaag het, en N+ se leermateriaal en virtuele laboratoriums voltooi het.

BEROEPSMOONTLIKHEDE:

Tegniese bystandspraktisyn, velddienstegnikus, IT-ondersteuningstegnikus, IT-administreerder, netwerk-administreerder, data-analis, besigheidsintelligensie-analis, rapporteringsanalis, bemerkingsanalis, kliniese analis, besigheidsdata-analis, operasionele analis, wolkprojekbestuurder, datasentrumbestuurder en wolkbesigheidsanalis.

DATA- EN WOLKPRAKTISYN

Opleidingstydperk

Maksimum tydperk 18 Maande (sien studieooreenkoms).

Prakties 5 dae (Maandag tot Vrydag). Eenmalig nadat CompTIA A+ Core 1 en 2 geslaag is en Netwerk+ leermateriaal en laboratoriums voltooi is.

Program toelatingsvereistes

- Suid-Afrikaanse ID-nummer (*geboortesertifikaat is nie voldoende nie*).
- Sien volledige toelatingsvereiste-uiteensetting op bladsy 4.

Innamedatums

Studente kan op **die eerste Woensdag** van elke maand met die kursus afskop. 80% van die kursus is aanlyn met selfgerigte leer.

Toerusting benodig

- Rekenaar met minimum: Windows 10 / Mac OS10.13 met 'n 8 GB RAM, skerm met 'n 1024 x 768 in 16-bit kleur en 'n webcam (min. resolusie van 640x480 @10fps) met 'n mikrofoon.
- Voorgestelde konstante Internet spoed vanaf 4 Mbps vir aflaai en oplaai.

Akkreditasie

Die student ontvang die basiese CompTIA-sertifiserings (sien gedeelte onder leerprogramme) asook "stackable certifications" vanaf CompTIA indien die eksamens suksesvol geslaag word:

- CIOS CompTIA IT Operations Specialist (CompTIA A+/N+)
- CCAP CompTIA Cloud Admin Professional (N+/Cloud+)

'n Sol-Tech-sertifikaat word ook verwerf indien die program binne die maksimum gegewe tyd voltooi word. Internasionaal word CompTIA-kursusse deur ANSI onderskryf, aangesien dit aan ISO17024 Standaard voldoen.

Voortgesette opleiding

Van die sertifiserings vereis voortgesette opleiding (continuous education) om geldig te bly. In hierdie geval moet leereenhede elke drie jaar hernu word.

Programkoste

Sien Sol-Tech webblad vir betalingsopsies asook SFD-leningskriteria.

IT-ONDERSTEUNING- EN -NETWERKPRAKTISYN



Doel van IT-ondersteuning- en -netwerkpraktisyn:

Die doel van die leerprogram is om studente indiensneembaar te maak as 'n IT-ondersteunings- en netwerkpraktisyn. IT-infrastruktuur bestaan uit hardeware, sagteware, netwerke, bedryfstelsels en datarugsteuning. Daar is tradisionele IT-infrastruktuur asook wolk-infrastruktuur. Die fokus van die program is om die nodige kennis en vaardighede vas te lê om netwerkanalise, foutsporing en evaluering te doen en sodoende 'n bydrae tot enige organisasie se IT-infrastruktuurbeplanning en -bestuur te lewer. Vaardighede sal ook ondermeer die opstel van netwerke/netwerkpunte, opdatering van sagteware en hardeware en die implementering van datasekureitstelsels insluit.

Wat sal die studente leer?

'n IT-ondersteuning- en -netwerkpraktisyn moet oor 'n wye reeks relevante vaardighede in die IT-omgewing en -bedryf beskik. Die leerprogram kombineer bewese CompTIA-leereenhede wat versterk word deur spesifieke addisionele sagtevaardighede, asook ondersteunende praktiese opleiding ten einde te verseker dat suksesvolle studente goed opgelei, afgerond en indiensneembaar is.

DIE LEERPROGRAM BESTAAN UIT:

- CompTIA A+ (Core 1)
- CompTIA A+ (Core 2)
- CompTIA N+
- Eenmalige praktiese blokweek (by Sol-Tech-kampus in Pretoria)
- CompTIA Security+
- CompTIA Linux+
- CompTIA Server+
- CompTIA Cloud+
- Sagte vaardighede (Basiese besigheidspraktyk)
- Ontluikende tegnologie

HOE VIND ASSESSERINGS PLAAS?

Sagtevaardighede E-leer assessering

CompTIA leereenhede Assessering vind deur middel van PearsonVUE plaas, met 'n koeponkode wat aan die student verskaf word. Die koeponkode kan gebruik word om die assessering aanlyn of by 'n assesseringslokaal te skryf. 'n Geldige identiteitsdokument is nodig om die eksamen af te lê.

Praktiese opleiding / werksinkels Interne assessering vind deur middel van observasie plaas en word teen leeruitkomst en kriteria gemeet. Die blokweek kan geskeduleer word sodra die student A+ Core 1 en 2 se CompTIA eksamens geslaag het, en N+ se leermateriaal en virtuele laboratoriums voltooi het.

BEROEPSMOONTLIKHEDE:

Tegniese bystandspraktisyn, velddienstegnikus, IT-ondersteuningstegnikus, IT-administreerder, sekuriteitpraktisyn, sekuriteitskonsultant, sekuriteitsadministreerder, Linux-administreerder, netwerk-administreerder, stelseladministreerder, IT-bediener-bystandstegnikus, IT-bediener-administreerder, IT-bediener-tegnikus, bergingsadministreerder, wolkprojekbestuurder, datasentrumbestuurder en wolkbesigheidsanalisis.

IT-ONDERSTEUNING- EN NETWERKPRAKTISYN

Opleidingstydperk

Maksimum tydperk 18 Maande (sien studieooreenkoms)

Prakties 5 dae (Maandag tot Vrydag). Eenmalig nadat CompTIA A+ Core 1 en 2 geslaag is en Netwerk+ leermateriaal en laboratoriums voltooi is.

Program toelatingsvereistes

- Suid-Afrikaanse ID-nummer (*geboortesertifikaat is nie voldoende nie*).
- sien volledige toelatingsvereiste-uiteensetting op bladsy 4.

Innamedatums

Studente kan op **die eerste Woensdag** van elke maand met die kursus afskop. 80% van die kursus is aanlyn met selfgerigte leer.

Toerusting benodig

- Rekenaar met minimum: Windows 10 / Mac OS10.13 met 'n 8 GB RAM, skerm met 'n 1024 x 768 in 16-bit kleur en 'n webcam (min. resoluëie van 640x480 @10fps) met 'n mikrofoon.
- Voorgestelde konstante Internet spoed vanaf 4 Mbps vir aflaai en oplaai.

Akkreditasie

Die student ontvang die basiese CompTIA-sertifiserings (sien gedeelte onder leerprogramme) asook "stackable certifications" van CompTIA indien die eksamens suksesvol geslaag word:

- CIOS CompTIA IT Operations Specialist (CompTIA A+/N+)
- CNIP CompTIA Network Infrastructure Professional (N+/Server+)
- CSSS CompTIA Systems Support Specialist (A+/Linux+)
- CLNP CompTIA Linux Network Professional (N+/Linux+)
- CCAP CompTIA Cloud Admin Professional (N+/Cloud+)
- CSIS CompTIA Secure Infrastructure Specialist (A+/N+/Security+)

'n Sol-Tech-sertifikaat word ook verwerf indien die program binne die maksimum gegewe tyd voltooi word.

Internasionaal word CompTIA-kursusse deur ANSI onderskryf, aangesien dit aan ISO17024 Standaard voldoen.

Voortgesette opleiding

Van die sertifiserings vereis voortgesette opleiding (continuous education) om geldig te bly. In hierdie geval moet leereenhede elke drie jaar hernu word.

Programkoste

Sien Sol-Tech webblad vir betalingsopsies asook SFD-leningskriteria.



KUBERSEKURITEITPRAKTISYN

Doel van Kubersekuriteitpraktisyn:

Die doel van die leerprogram is om studente indiensneembaar te maak as 'n kubersekuriteitpraktisyn. Kubersekuriteitpraktisyns is hoog in aanvraag om netwerke, toestelle en data teen ongemagtigde toegang te beskerm. Met die groei van die internet, toepassings (apps), aanlyntransaksies, en die Internet van Dinge (Internet of Things) word kubersekuriteit al hoe belangriker. Elke maatskappy het 'n plig om sy operasionele data en kliënte data veilig te hou, daarom is kubersekuriteit van kardinale belang vir enige maatskappy. Jy het 'n keuse tussen CySA+ of PenTest, dus verdediging of aanstoot.

Wat sal die studente leer?

'n Kubersekuriteitpraktisyn moet oor 'n wye reeks relevante vaardighede in die IT -omgewing en -bedryf beskik. Die leerprogram kombineer bewese CompTIA-leereenhede wat versterk word deur spesifieke addisionele sagte vaardighede, asook ondersteunende praktiese opleiding ten einde te verseker dat suksesvolle studente goed opgelei, afgerond en indiensneembaar is.

DIE LEERPROGRAM BESTAAN UIT:

- CompTIA A+ (Core 1)
- CompTIA A+ (Core 2)
- CompTIA N+
- Eenmalige praktiese blokweek (by Sol-Tech-kampus in Pretoria)
- CompTIA Security+
- CompTIA Linux+
- CompTIA Cloud+
- CompTIA CySA+ of CompTIA PenTest+
- Python basiese beginsels
- Sagte vaardighede (Basiese besigheidspraktyk)
- Ontluikende tegnologie

HOE VIND ASSESSERINGS PLAAS?

Sagte vaardighede	E-leer assessering
CompTIA leereenhede	Assessering vind deur middel van PearsonVUE plaas, met 'n koeponkode wat aan die student verskaf word. Die koeponkode kan gebruik word om die assessering aanlyn of by 'n assesseringslokaal te skryf. 'n Geldige identiteitsdokument is nodig om die eksamen af te lê.
Python Basiese beginsels	E-leer assessering en Github
Praktiese opleiding / werksinkels	Interne assessering vind deur middel van observasie plaas en word teen leeruitkomst en kriteria gemeet. Die blokweek kan geskeduleer word sodra die student A+ Core 1 en 2 se CompTIA eksamens geslaag het, en N+ se leermateriaal en virtuele laboratoriums voltooi het.

BEROEPSMOONTLIKHEDE:

Tegniese bystandspraktisyn, velddienstegnikus, IT-ondersteuningstegnikus, IT-administreerder, netwerk-administreerder, **sekuriteitpraktisyn**, **sekuriteitskonsultant**, **sekuriteitsadministreerder**, data-analis, besigheidsintelligensie-analis, rapporteringsanalis, bemarkingsanalis, kliniese analis, besigheidsdata-analis, operasionele analis, wolkprojekbestuurder, datasentrumbestuurder, wolkbesigheidsanalis, **sekuriteitsanalis**, **kwesbaarheidsanalis**, **kubersekuriteitpraktisyn**, **pentrasietoetser**, **kwesbaarheidstoetser**, **sekuriteits analis (vlak 2)**, **kwesbaarheidsassesseringsanalis**, **kubersekuriteitskenner**, **inligtingsekuriteitsanalis**. *Afhangende of PenTest+ of CySA+ gekies word.

KUBERSEKURITEITPRAKTISYN

Opleidingstydperk

Maksimum tydperk 18 Maande (sien studieooreenkoms)

Prakties 5 dae (Maandag tot Vrydag). Eenmalig nadat CompTIA A+ Core 1 en 2 geslaag is en Netwerk+ leer materiaal en laboratoriums voltooi is.

Program toelatingsvereistes

- Suid-Afrikaanse ID-nommer (*geboortesertifikaat is nie voldoende nie*).
- Sien volledige toelatingsvereiste-uiteensetting op bladsy 4.

Innamedatums

Studente kan op **die eerste Woensdag** van elke maand met die kursus afskop. 80% van die kursus is aanlyn met selfgerigte leer. Daar is slegs een blokweek per maand.

Toerusting benodig

- Rekenaar met minimum: Windows 10 / Mac OS10.13 met 'n 8 GB RAM, skerm met 'n 1024 x 768 in 16-bit kleur en 'n webcam (min. resolusie van 640x480 @10fps) met 'n mikrofoon.
- Voorgestelde konstante Internet spoed vanaf 4 Mbps vir aflaai en oplaai.

Akkreditasie

Die student ontvang die basiese CompTIA-sertifiserings (sien gedeelte onder leerprogramme) asook "stackable certifications" van CompTIA indien die eksamens suksesvol geslaag word:

- CSCP CompTIA Secure Cloud Professional (Security+/Cloud+)
- CIOS CompTIA IT Operations Specialist (CompTIA A+/N+)
- CCAP CompTIA Cloud Admin Professional (N+/Cloud+)
- CSIS CompTIA Secure Infrastructure Specialist (A+/N+/Security+)
- CSAP CompTIA Security Analytics Professional (Security+/CySA+) of CNVP CompTIA Network Vulnerability Assessment Professional (Security+/PenTest+)
- CLNP CompTIA Linux Network Professional (Network+/Linux+)
- CSSS CompTIA Systems Support Specialist (A+/Linux+)

'n Sol-Tech-sertifikaat word ook verwerf indien die program binne die maksimum gegewe tyd voltooi word.

Internasionaal word CompTIA-kursusse deur ANSI onderskryf, aangesien dit aan ISO17024 Standaard voldoen.

Voortgesette opleiding

Van die sertifiserings vereis voortgesette opleiding (continuous education) om geldig te bly. In hierdie geval moet leereenhede elke drie jaar hernu word.

Programkoste

Sien Sol-Tech webblad vir betalingsopsies asook SFD-leningskriteria.



Voornemende werkgewers kan vir Ajani kontak om ons studente in diens te neem.

FINANSIES

Kontak SFD vir rentedraende studielenings by lenings@sfdienste.co.za of kontak **0861 101 005** of besoek hul webblad vir meer inligting.

BANKBESONDERHEDE

Sol-Tech Opleidingsentrum
FNB | Rekeningnommer: 62333857300
Tak: Centurion | Takkode: 261550
finansies@sol-tech.co.za
Gebruik asb studentenommer as verwysing.





'N BLINK TOEKOMS IN DIE WOLKE, BINNE JOU BEREIK



MAAK DIE NETWERK JOU WERK



ONTSLUIT JOU TOEKOMS IN KUBERSEKURITEIT

Hierdie **inligtingstuk** vervang alle vorige beskikbare weergawes van die inligtingstuk : **Februarie 2025**



Kontak ons

Adres: Duinlewerikstraat 16, Monumentpark X15
Tel: 0861 999 880
E-Pos: navrae@sol-tech.co.za
Web: www.sol-tech.co.za

Word deel van die span
gehalte studente en
DOEN AANSOEK op
die Sol-Tech web tuiste
by **www.sol-tech.co.za**

Sol-Tech Opleidingsentrum MSW
(Maatskappyregistrasienr: 2006/013372/08)
Direkteure: P.M. van Deventer, M.J. Visser, N.A. Arnold, H.J. Schalekamp, M. Croukamp, T.N. van der Westhuizen en D. Reyneke.

Sol-Tech voldoen ingevolge die Wet op Voortgesette Onderwys en Opleiding, Wet 16 van 2006, aan die nodige registrasie- en akkreditasievereistes:
DHO: 2019/FE07/034 (31 Des 2026) / QCTO: SDP 070621-1986 / UMALUSI: 17/FET02 00095.